Houertuine.

Bring die natuur nader aan jou blyplek.

Mense wat in 'n woonstel- of meenthuiskompleks bly, kan die somer die natuur nader bring aan hul blyplekke. Houertuine met kruie en groente is nie net gesonde en gerieflik nie, maar dit vertoon ook goed en kan'n estetiese vreugde wees. Om 'n houertuin suksesvol te bedryf is goeie grond en genoeg water en lig onontbeerlik, sê Marienne Uys in haar boek *Kweek jou eie groente en kruie.*

Houers bring die heerlikheid van vars groente binne elkeen se bereik en is selfs vir gestremde mense 'n voordeel. Voordele van houertuine is dat die groente en kruie maklik teen ryp en koue beskerm kan word en dat houers gekies kan word wat by die styl van die woonstel of meenthuis pas.

• Wenke:

Onthou dat pietersielie diep wortels het en in 'n middelslag- tot groot houer geplant moet word.

Houtbalies is geskik vir die plant van aartappels, artisjokke, patats en murgpampoene wat 'n diep wortelstelsel het.

Tamaties moet liefs in 'n groot houer geplant word en die plantjies kan deur twee riete gestut word.

Rankboontjies en Engelse komkommerse vertoon goed teen traliewerk op ' n balkon of 'n stoep. Die komkommers moet egter in die beskutte deel gekweek word.

Alle kruiesoorte is geskik om in houers geplant to word.

Kruie kan ook in verskeie potjies in die sonnige hoekies van kombuise geplant word.

Onthou dat die houers aan die onderkant genoeg dreineringsgate moet hê.

http://phantocomp.weebly.com